'n vrugteboord met 'n tuin. Sy woning was 'n hol krans wat oorgehang het, en daarvan het hy vir hom 'n woning gemaak deur 'n klipmuur voor die krans te bou. 'n Klein afstand vandaar het hy en sy kinders later twee netjiese rondawels gebou. Hy het dié laat meubileer ook met netjiese katels en beddegoed.

Aia Swartjie het gesorg dat dit daar alles skoon en sindelik uitgesien het, want sy kon nooit weet wanneer daar onverwags blanke besoekers sou aankom nie om die plek te bekyk en alles te aanskou van bo-op die berg en dan ook spesiaal Jonas te besoek en van sy baie ervarings te gesels.

In daardie dae was, weens die groot afstande tussen dorpe, dit nodig om in geval van nood 'n doodkis altyd gereed te hê. Op die solder van die woning was daar dan ook 'n doodkis wat vir die weduwee van A. C. Greyling bestem was, maar sy het 96 jaar oud geword om haar dubbele 5de geslag te beleef, en toe sy sterf, is sy in 'n fraai kis begrawe en die kis op die solder aan Jonas geskenk. Hy het op Korannaberg in 1917 gesterf en is aldaar begrawe. Baie besoekers was op sy begrafnis. Sy vrou, Aia Swartjie, het 'n paar jaar later in die Winburglokasie gesterf en is aldaar begrawe.

Met nagmaalgeleentheid op Marquard het ds. Theron en sy ouderling gereeld die volgende Maandag na Korannaberg gegaan, die steil pad na ou Jonas se woning uitgesukkel en aldaar het hy aan hom en Aia Swartjie die nagmaal bedien. Gedurende die slag van Mushroom Valley, gedurende die Rebellie, het ou Jonas van bo die berg alles beskou. Hy sien toe daar kom drie burgers na hom, wat die berg uitgeklim het. Hulle vertel hom toe dat hulle Rebelle is wat die berg ingevlug het en of hy hulle verder die pad kan beduie na die plase daar onder die berg. Ou Jonas sê toe aan hulle dat hulle baie versigtig moet wees want (en hy wys na die plase) daardie boer en daardie boer is Regeringsmense, maar daardie boer heel regs, hy is 'n goeie man en sou hulle seker help, en nadat hy die drie van voedsel voorsien het, en Aia Swartjie vir hulle koffie geskink het, is hulle die berg af en het hulle gelukkig by 'n medelydende boer beland wat hulle verder ook behulpsaam was om reg te kom. Hulle was vreemdelinge van Harrismith.

Die nagedagtenis van daardie flukse agterryer Jonas van Tonder sal bly voortleef en hy verdien ten volle die hulde en agting van diegene wat hom geken het en sy prestasies bewonder het.

---

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

*Randa, Alexander,* samengesteld door, Geschiedenis der Mensheid, in het Nederlands bewerkt onder leiding van dr. O. Noordenbos, Deel I, pp. 377, De Bezige Bij, Amsterdam, N.V. Standaard-Boekhandel, Antwerpen, 1956.

*Cottrell, Leonard,* De Bergen van Pharao, 2,000 jaren pyramiden-onderzoek, pp. 256, De Bezige Bij, Amsterdam, 1957.